

KALAHARI PROEFPLAAS

G.J. AGENBAG

ADMINISTRASIE VIR BLANKES, LANDBOUNAVORSING
Privaatsak 13186, Windhoek 9000



G.J. Agenbag,
Senior Beheerplaasbestuurder.

Die Kalahari Proefplaas is 32 km noord-oos van Stampriet op die Stampriet-Leonardvillepad geleë. Die pad verdeel die plaas in twee dele.

Die veld is tipiese Kalahariveld met duine en kalkstrate. Bome en struik kom in 'n redelike mate voor. Die duine lê in 'n noord-suid rigting. Die tipe weiding is uiters geskik vir skaapboerdery.

Omdat die plaas in die streek met sub-artesiese water lê, is water nie 'n probleem nie en kan daar op enige plek geboor word. In goeie reënjare dam reënwater in die kalkpanne op. Dié waters het in die vroeë jare as veesuipings gedien.

Die plaas is 10 215 ha groot met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van 200 mm. Die volgende word vir die interessantheid aangehaal:

Aantal kampe	=	152
Jakkalsproef heinings	=	82 km
Veekerende heinings	=	155 km
Pyplyne	=	53 km
Brandpaaie	=	90 km
Boorgate met windpompe	=	9
Boorgate met windpompe en kragkoppe	=	2
Boorgate met masjiene	=	2
Reservoirs	=	21

Die beskikbaarheid van water asook die begaanbaarheid van die terrein vergemaklik die plaasbeplanning. Dit is egter onmoontlik om die veldtipes behoorlik af te kamp en gevolglik lei dit tot 'n oorbenutting van die duineveld, wat veral gedurende die groeiseisoen baie kwesbaar is.

Die vroeë geskiedenis kan teruggevoer word tot 1920. Die eerste bewoners was mnre. De Klerk en Van Dyk. In 1921 is die eerste inspeksie op die plaas gedoen. Tydens hierdie inspeksie was die verbeterings 2 hartbeeshuise en twee 10 vt diep putte met 'n totale waarde van R20. Die grondwaarde was op 23c per ha geskat.

Na die inspeksie is die plaas geadverteer en toegeken aan mnre. Kuhn en Maritz vir 'n huurtermyn van vyf jaar met die opsie om te koop teen R 2 385.

Nadat die plaas toegeken was, het verskeie inspeksies gevolg. Met elke inspeksie is melding gemaak van die swaar veeverliese. Die skape het hoofsaaklik gevrek van wurmbesmetting terwyl Gallamsiekte sy tol onder die beeste geëis het. Arbeid was skaars en die eienaars moes soms self hul vee oppas.

In 1924 is 'n diggat met kalkklip, kalk en sement gebou; hierdie diggat is vandag nog in gebruik. Die belangrikheid van goedbeplande waterinrigtings is toe reeds beklemtoon. Melding word gemaak van 'n tuin wat geplant was met groente en tabak.

Gedurende 1926 doen mnre. Kuhn aansoek om by 'n boormasjien op Stampriet te gaan werk om geld te verdien vir die maak van verbeterings. Hierdie versoek is van die hand gewys.

'n Skrywe word in 1927 aan die Landraad gerig om die plaas terug te neem indien toestemming nie verleen word om te gaan werk nie.

Die volle koopsom word in 1929 betaal en die plaas word oorgedra aan die Farmgesellschaft Eirup Ltd. Verdere ontwikkeling is deur die nuwe eienaars gedoen.

Op 9 Mei 1957 het die Uitvoerende Komitee van die SWA Administrasie besluit dat die plaas Oamseb aangekoop kon word. Die eienaar wou egter nie meer verkoop nie en ander plase is in die omgewing teen mekaar opgeweeg. Die eienaar van



Die opstal van Kalahari Proefplaas

Rohrbeck, mnr. R. Schröder, was nie van plan om van sy grond af te staan nie, maar omdat daar by hom 'n sterk begeerte bestaan het vir die totstandkoming van 'n Proefplaas, het hy ingewillig om 'n gedeelte van sy grond (Rohrbeck) teen 'n redelike prys (R 8 per ha) af te staan. Die plaas was redelik goed bewerk met 6 kampe, 7 boorgate en die heinings was van 'n goeie gehalte. Een van die groot beweegredes vir die aankoop van dié spesifieke plaas was die hoë veeverliese wat voorgekom het; so het in 1956 byna 50% van die skape op die plaas gevrek.

Op 31 Januarie 1958 het die oordrag aan die SWA Administrasie geskied. Vanaf dié datum is die plaas bekend as Kalahari Proefplaas.

In Mei 1958 is met die nuut aangekoopte plaas Hardap se beeste na Rohrbeck getrek, die skape en bokke het 'n paar maande later gevolg. Nadat twee woonhuise, 'n kantoorblok en 'n oop garage deur die Afdeling Werke voltooi is, het die eerste drie beamptes aan die begin van 1959 gearriveer. Die eerste bestuurder was mnr. Eckhart Freyer, hy het die raamwerk van die beplanning neergelê waarop in die daaropvolgende jare gebou is.



Die weiding op Kalahari Proefplaas na 'n goeie reënseisoen.

Daar is besluit om op die Proefplaas 'n Afrikanerbeesstoet asook 'n Karakoelstoet te vestig. Die Afrikanerstoet is van Gellap-Ost Proefplaas oorgeplaas terwyl ongeveer 40 Karakoelooie van Neudamm en Gellap-Ost gekom het. Die Afrikanerbeeste is later oorgeplaas na die Sandveld Proefplaas. Die geregistreerde Karakoeloe is by verskeie geleenthede aangevul met diere uit die Neudammkudde. Die kudde het geleidelik uitgebrei tot 600 ooie. Die oortollige teelmateriaal is op veilings aangebied. Hierdie kudde is in 1984 in sy geheel oorgeplaas na Neudamm.



Mnr. Agenbag, wat van 1964 tot 1983 bestuurder van dié Proefplaas was, se trots: 'n paar wit Karakoelooie.

Aan die begin van die sestiger jare het die behoefte aan die teling van 'n wit Karakoel ontstaan. Oom Mieta Louw, die destyde Direkteur van Landbou, was oor hierdie teling baie entoesiasies. Daar is besluit dat die ontwikkeling van wit Karakoeloe op Kalahari gedoen sou word. 150 Sogenaande ringkop ooie is aangekoop. Die kleuroorerwing het dit moontlik gemaak dat swart teelmateriaal van 'n goeie gehalte gebruik kon word en 'n vinniger genetiese vordering is bewerkstellig. Die Karakoelotelersgenootskap was baie beïndruk met die resultate en gevolglik is 'n Hulpstamboekregister geskep waardeur die diere kon beweeg tot ten volle geregistreerde diere. Die kampioen Karakoelooi van 1980 was 'n wit ooi wat in dié kudde geteel is.



Lammerooie op veldweiding.

Met die insinking en verminderde vraag na kleurpelse is besluit om die kudde te verklein maar nogtans voort te gaan met die ontwikkeling van die wit.

Soos vroeër beklemtoon is, was veeverliese as gevolg van inwendige parasiete 'n groot probleem. 'n Ander groot probleem was die lae lampersentasies.

'n Projek oor 'n doseerprogram vir Karakoelooie is aangepak en die invloed van parasitiese besmetting op die lampersentasie is nagegaan. Met die beter doseermiddels asook met weidingsrotasie is die wurmbesmetting laag gehou. Uit die dekseisoenproef wat die doseerproef opgevolg het, is baie waardevolle inligting verkry. Die resultate is deurgegee aan die produsente en dit het 'n definitiewe verbetering van die lampersentasie in die streek teweeg gebring.

'n Projek oor fosfaataanvulling is uitgevoer en afgehandel. Verskillende weidingstelsels is verder beproef waarvan resultate reeds in die Agricola verskyn het.



Vet gemsbokke te Kalahari Proefplaas.